



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2015**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

---

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
1.1	Die ongelukkigheid van die Y-generasie/omgekraptheid/ onvergenoegdheid.	(1)
1.2	Hulle omstandighede is makliker, maar hulle sukkel om in te skakel by hul werk en in die grootmensewêreld. Hulle is ongelukkig./Hulle bly langer in die huis.	(3)
1.3	Feite. Hy het navorsing gedoen. (slegs die motivering verdien 'n punt.)	(1)
1.4	Hulle is meer tegnologies gevorderd./Hulle maak meer staat op voorkeurbehandeling./Hulle ervaar minder werksbevreëdiging./Hulle beleef meer konflik./Hulle is meer verweef in hul vriende se lewens. (Enige 2 feite)	(2)
1.5	Hulle wys net hul glansoomblikke en nie hul mislukkinge en smart nie./Dit skep die idee dat dit altyd goed gaan./Hulle is altyd suksesvol en dat hulle nooit mislukking of pyn ervaar nie.	(2)
1.6	Die mense en dubbelaars./Facebook glansoomblikke en dobbelprestasies.	(1)

1.7	Hulle dink alles gaan maklik en lekker wees in die grootmenswêreld en is nie voorbereid op die harde werk wat voorlê nie	(2)
1.8	Die teleurstelling is groot./Hulle kan nie mislukking verwerk of hanteer nie./Hulle verwag meer van die lewe.	(1)
1.9	Harde werk	(1)
1.10	Hulle sal langer 'n ondersteunende rol moet speel./Kinders gaan langer vat om onafhanklik te wees./ . . . op hul eie bene te staan.	(1)
1.11	Probleme oplos.	(1)
1.12	Jy moet gedrewe wees. Jy moet kan volhard/toegewyd wees./Jy moet meer doen om jou doelwit te bereik./Jy kan nie net deelneem nie. (Enige 3)	(3)
1.13	Hulle dink ander kinders beleef ongelooflike dinge terwyl hulle onsuksesvol is./Hulle beeld glansoomblikke uit en nie 'n glanslewe nie.	(2)
1.14	b/volg jou passie	(1)
1.15	Hulle sal onmiddellik 'n werk kry waarin hulle hul sal kan uitleef.	(1)
1.16	Dit kom maar met ervaring./Indiensopleiding/Raad van ander te volg, ens.	(1)
1.17	Die middelste meisie: Haar ouers het ook altyd klippe uit haar pad gerol; dus gaan sy sukkel om op haar eie bene te staan./Haar ouers sal haar ook langer moet ondersteun. (2) Die meisie op die kant: Die meisie het ook al haar passie geïdentifiseer. Sy sal moet besef dat daar harde werk voorlê./Jy kan net die heeldag teken nie. (2)	(4)
1.18	Die drie bespreek hul vrese vir die toekoms, maar hul lyk glad nie bekommerd nie.	(1)
1.19	NEE. Sy sal ook 'n besigheidsplan moet hê om haar skilderye te verkoop./Daar is nie juis geld in kuns as jy nie bekend is nie. JA: As jy passievol is, sal jy dit laat slaag.	(1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****Nasien van die opsomming:**

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eië sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied./Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in **vollesinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/bepanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
- Verspreiding van taalpunte waar die kandidaat nie verbatim aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.
- Verspreiding van taalpunte waar die kandidaat verbatim aangehaal het.
  - 6–7 aanhalings: geen punt vir taal
  - 1–5 aanhalings: 1 punt vir taal

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

Hy kan nie meer sport beoefen nie. Sy selfbeeld ly daaronder en dit het 'n effek op sy gesondheid. Hy kan nie met sy maats hardloop en speel nie en het dus min vriende. Dit maak hom swak. (opstote) Hy ervaar gereeld pyn.

**43 woorde**

- 2.1 Hy kan nie meer sport beoefen nie.
- 2.2 Sy selfbeeld ly daaronder.
- 2.3 Dit het 'n effek op sy gesondheid.
- 2.4 Hy kan nie met sy maats hardloop en speel nie.
- 2.5 Hy het min vriende.
- 2.6 Dit maak hom swak (opstote).
- 2.7 Hy ervaar gereeld pyn.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepeenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudige-keusevrae word **BEIDE** die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord **EN** die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Die lettertipe verskil./Die letters groter./Die letter is swart./Staan in sy eie reël.	(1)
3.2	Aptekers (Die antwoord moet in die meervoud wees.)	(1)
3.3	Weet jy wat jou kind benodig?/Weet jy waaroor dit gaan?/Weet hulle watter aanvullings hul kind gebruik?	(1)
3.4	Jy as ouer moet altyd balbeheer hê./Jy as ouer het maar altyd balbeheer.	(1)
3.5	Geweldige/Groot/Baie	(1)
3.6	GEHALTE – SEKER- PROGRAM	(1)
3.7	ondersoek die egtheid	(1)
3.8	Dit staan in die plek van integriteit./Skakel herhaling uit.	(1)
3.9	Byvoeglike naamwoord	(1)
3.10	Ja. Dit gee voldoende inligting./Dis oortuigend. Nee. Dit bevat te veel inligting./Dit is kleurloos.	(1)
		<b>[10]</b>

**VRAAG 4: STROKIESPRENTE**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
4.1	Etenstyd	(1)
4.2	Hagar se vrou het verskoning gemaak en gesê sy kan nie daardie dag sy middagete inpak nie./Hagar se vrou het gesê sy is jammer maar sy kan nie daardie dag sy middagete inpak nie./Sy het verskonend gesê dat sy nie daardie dag vir hom vir middagete kon inpak nie.	(1)
4.3	Hy eet baie.	(1)
4.4	Assimilasie	(1)
4.5	Die gedeelte van sy brein wat hy oneffektief gebruik/Kort geheue kant van sy brein. Die gedeelte van sy brein waarin hy slegte goed stoor.	(1)
4.6	Meerder	(1)
4.7	Hiperbool	(1)
4.8	Soortnaam	(1)
4.9	Broek/n broek	(1)
4.10	Hy kan doen wat hy wil./Sy vrou pla hom dan nie.	(1)
		<b>[10]</b>

**VRAAG 5**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
5.1	Die kans is 57% groter dat mans of kêrels hul vroue vermoor.	(1)
5.2	Bekendes/meervoud	(1)
5.3	Geweldenaar	(1)
5.4	om te lei	(1)
5.5	Menswaardigheid	(1)
5.6	Dit beklemtoon die stilte/dramatiese spanning	(1)
5.7	Saamgestelde sin – Het twee gesegdes/Bestaan uit 'n hoofsin en bysin.	(2)
5.8	Homofone	(1)
5.9	van	(1)
		<b>[10]</b>

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**